*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 165]

KAAPSTAD, 14 MAART 1979

CAPE TOWN, 14 MARCH 1979

[No. 6345


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 502. 14 Maart 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 12 van 1979: Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1979.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 502. 14 March 1979.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 12 of 1979: Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1979.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, so as to further regulate control regarding the sale or grant of rights in respect of a portion of agricultural land, and to provide for matters connected therewith; and to validate the establishment and enlargement of the areas of jurisdiction of certain authorities.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 6 March 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1970, as amended by section 1 of Act 55 of 1972 and section 1 of Act 18 of 1977.

**1.** Section 1 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after the definition of "agricultural land" of the following definition:

"'building' means any building erected or used for any purpose whatsoever, and includes any other structure, whether of a temporary or permanent nature and irrespective of the materials used in the erection thereof, so erected or used;".

Amendment of section 3 of Act 70 of 1970, as substituted by section 3 of Act 18 of 1977.

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* no portion of agricultural land, whether surveyed or not, and whether there is any building thereon or not, shall be sold or advertised for sale, and no right to such portion shall be sold or granted for a period of more than 10 years or for the natural life of any person or to the same person for periods aggregating more than 10 years, or advertised for sale or with a view to any such granting;".

Validation of certain action in respect of agricultural land.

**3.** The—

*(a)* establishment of the Public Health Area of Roode Krans by the Administrator of the Province of Natal by Proclamation No. 218 of 1972 on the agricultural land mentioned in the Schedule to that Proclamation;

*(b)* enlargement of the area of jurisdiction of the Verwoerdburg Town Council by the Administrator of the Province of Transvaal by Administrator's Notice 269 of 21 February 1973 so as to include the agricultural land described in Schedules A and B to that Notice; and

*(c)* enlargement of the area of jurisdiction of the White River Town Council by the Administrator of the Province of Transvaal by Administrator's Notice 715 of

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, ten einde beheer oor die verkoop of verlening van regte ten opsigte van 'n deel van landbougrond verder te reël, en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan; en om die instelling en uitbreiding van sekere instansies se regsgebiede geldig te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 6 Maart 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 55 van 1972 en artikel 1 van Wet 18 van 1977.

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na die omskrywing van „adverteer" die volgende omskrywing in te voeg:

„,gebou' enige gebou wat vir enige doel hoegenaamd opgerig is of gebruik word, en ook enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat aldus opgerig is of gebruik word;".

Wysiging van artikel 3 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 3 van Wet 18 van 1977.

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(e)* mag geen deel van landbougrond, hetsy opgemeet of nie, en hetsy daar 'n gebou daarop is of nie, verkoop of vir verkoop adverteer word nie, en mag geen reg op so 'n deel verkoop of vir 'n tydperk van meer as 10 jaar of vir die natuurlike lewensduur van iemand of aan dieselfde persoon vir tydperke wat gesamentlik meer is as 10 jaar verleen word nie, of vir verkoop of met die oog op enige sodanige verlening geadverteer word nie;".

Geldigmaking van sekere optrede ten opsigte van landbougrond.

**3.** Die—

*(a)* instelling van die Openbare Gesondheidsgebied Roode Krans deur die Administrateur van die provinsie Natal by Proklamasie No. 218 van 1972 op die landbougrond in die Bylae by genoemde Proklamasie vermeld;

*(b)* uitbreiding van die regsgebied van die Stadsraad van Verwoerdburg deur die Administrateur van die provinsie Transvaal by Administrateurskennisgewing 269 van 21 Februarie 1973 sodat dit die landbougrond in Bylaes A en B by daardie Kennisgewing beskrywe, insluit; en

*(c)* uitbreiding van die regsgebied van die Stadsraad van Witrivier deur die Administrateur van die provinsie Transvaal by Administrateurskennisgewing 715 van 15

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



15 June 1977 so as to include the agricultural land described in the Schedule to that Notice,

shall be deemed to have been done with the consent in writing of the Minister of Agriculture under section 4 (2) of the principal Act.

Short title.

**4.** This Act shall be called the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Junie 1977 sodat dit die landbougrond in die Bylae by daardie Kennisgewing beskrywe, insluit,

word geag met die skriftelike toestemming van die Minister van Landbou kragtens artikel 4 (2) van die Hoofwet gedoen te gewees het.

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1979.